Swellendam

Munisipaliteit

Munisipale Kantoor
Posbus 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Faks No. (028) 5142694

Municipality

Municipal Office
P.O. Box 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Fax No. (028) 5142694

06 September 2019

e-pos / e-mail : info@swellenmun.co.za

KENNISGEWING: PUBLIEKE DEELNAME

VOORGESTELDE VERVREEMDING - "OU GYM GEBOU", *(ERF 1378)*
BUITEKANT STRAAT, SWELLENDAM

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018, die bepalings van Bate Oordrag Regulasies, 2008 en Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Raad, in beginsel, besluit het dat:

- Erf 1378, Swellendam nie benodig word vir die lewering van basiese munisipale dienste nie; en
- die eiendom vervreem word by wyse van 'n mededingende tenderproses deur die Voorsieningskanaaleenheid, teen die hoogste prys bo die vasgestelde reserweprys van R1 500 000.00.

Belangstellende partye word genooi om kommentaar te lewer of beswaar te maak teen die voorgestelde vervreemding van Erf 1378 in Swellendam.

Skriftelike kommentaar / besware moet gerig word aan die ondergetekende, nie later as **Maandag, 7 Oktober 2019 om 12:00** nie. Kommentaar / besware kan per hand gelewer word by **Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49**, Swellendam of gepos word aan die **Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740**.

Enige persoon wat nie kan skryf nie en vertoë met betrekking tot die bogemelde aangeleentheid wil rig, kan sy/haar vertoë mondelings aflê by die Munisipale Kantoor, Swellendam. Mev D. Jonas sal sodanige mondelinge vertoë op skrif stel namens die persoon wat mondelinge kommentaar lewer.

Enige verdere navrae kan gerig word aan Me L. Baransky by 028 514 8500 of liezel@swellenmun.co.za.

A.M. Groenewald
Munisipale Bestuurder

Kennisgewing A41/2019